

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 193

03 MAART 2017

**GEVALLE VAN NIENAKOMING DEUR 'N PERSOON INGEVOLGE
ARTIKEL 210(2) VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET
NO. 28 VAN 2011), WAT AAN 'N VASTEBEDRAGBOETE OOREENKOMSTIG
ARTIKELS 210(1) EN 211 VAN DIE WET ONDERHEWIG IS**

Ingevolge artikel 210(2) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, lys ek, Thomas Swabihi Moyane, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hierby, in die Bylae hierby, die gevalle van nienakoming ten opsigte van die Regulasies gepubliseer deur die Minister van Finansies vir doeleindes van paragraaf (a) van die omskrywing van “internasionale belastingstandaard” in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie gepubliseer in *Staatskoerant* No. 39767 van 2 Maart 2016, wat aan 'n vastebedragboete ooreenkomstig artikels 210(1) en 211 van daardie Wet onderhewig is.

TS MOYANE**KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

BYLAE**1. Algemeen**

Enige woord of uitdrukking vervat in hierdie kennisgewing waaraan 'n betekenis in die Wet op Belastingadministrasie, 2011, ("die Wet") of die Regulasies deur die Minister van Finansies vir doeleindes van paragraaf (a) van die omskrywing van "internasionale belastingstandaard" in artikel 1 van die Wet in *Staatskoerant* No. 39767 van 2 Maart 2016 gepubliseer ("die Regulasies"), geheg is, het die betekenis aldus daaraan geheg, tensy dit uit die samehang andersins blyk.

2. Gevalle aan vastebedragboete onderhewig

- 2.1 Versuim deur 'n Rapporterende Finansiële Instelling om 'n opgawe in te dien soos vereis deur 'n Openbare Kennisgewing kragtens artikel 26 van die Wet uitgereik.
- 2.2 Versuim deur 'n Rapporterende Finansiële Instelling om die gedeeltelike of nie-implementering van 'n omsigtigheidsvereiste kragtens die Regulasies binne 60 dae van kennisgewing deur SAID van die gedeeltelike of nie-implementering van die vereiste reg te stel.
- 2.3 Versuim deur 'n Rapporterende Finansiële Instelling om die nienakoming van enige verpligting kragtens die Regulasies binne 60 dae van die kennisgewing deur SAID van die nienakoming reg te stel.
- 2.4 Versuim deur 'n Rapporterende Finansiële Instelling om, binne 60 dae na kennisgewing deur SAID, die voorgeskrewe besonderhede te voorsien van—
 - (a) 'n Rapporteerbare Persoon wat 'n Rekeninghouer is;
 - (b) indien die Rapporteerbare Persoon 'n Entiteit is, enige Beherende Persoon van daardie Entiteit;
 - (c) enige ander persoon; of
 - (d) enige klas van bogenoemde persone,wat kragtens artikel 26(4) van die Wet versuim het om enige inligting, dokument of ding te voorsien wat deur die Rapporterende Finansiële Instelling vereis

word om te voldoen aan die omsigtigheidsvereistes en om 'n opgawe by SAID in te dien vir doeleindes van die Regulasies.

2.5 Versuim deur—

- (a) 'n Rapporteerbare Persoon wat 'n Rekeninghouer is;
- (b) indien die Rapporteerbare Persoon 'n Entiteit is, enige Beherende Persoon van daardie Entiteit; of
- (c) enige ander persoon,

gelys deur 'n Rapporterende Finansiële Instelling om, in antwoord op 'n kennisgewing beoog in paragraaf 2.4, aan die persoon se verpligtinge kragtens artikel 26(4) van die Wet te voldoen.